Wapadrant E-NUUS

UIT HOM, DEUR HOM, TOT HOM

Matteus 6:10 Laat u koninkryk kom.

www.wapadrant.co.za www.facebook.com/Wapadrant

02 Junie 2022

PREEKROOSTER JUNIE 2022

Datum	Tipe idioom	Tyd	Prediker	Bywoning in ouditorium	Bywoning in saal
05 Junie Pinkstersondag Doop	Klassiek	**08:30**	Malwande Mdonga & Rassie Smit	350	100
12 Junie Belydenisaflegging	Kontemporêr Klassiek	**08:30 10:00**	Petrus Grové	350	100
19 Junie	Klassiek	**08:30**	Rassie Smit	350	100
26 Junie Nagmaal **Bring eie brood/wyn of maak gebruik van wat voorsien word**	Klassiek	**08:30**	Peet Vermeulen	350	100

VERSLAPPING VAN COVID REGULASIES

Toegang by alle deure. Lidmate kan nou enige plek sit.

Getalle nog beperk tot 350 in kerk en 100 in saal.

Dra van maskers en sanitering by deure bly verpligtend

08:30 Erediens

"Facebook"

https://www.facebook.com/gkwapadrant/videos/?ref=page_internal

"YouTube" https://www.youtube.com/channel/UCb3hrnMcAH83-6mloVeZC2g

NEEM KENNIS ASSEBLIEF

- **Seniorbediening** verkoop elke Sondag roomys – ondersteun hul asb.
- **Bybelstudie vir senior lidmate** vind Dinsdae om 09:00 in die konsistorie plaas.
- **Bybelstudie vir manne:** Woensdae om 05:30 in kerkgebou.
- **Jeugkleingroepe (Gr 1 – 12) en kleuterkerk (3-6 jariges)** vind gedurende skoolkwartale plaas om 09:30 in hul onderskeie klasse.
  2de kwartaal: 5 en 12 Junie 2022. Hervat 24 Julie 2022.
- **Ter approbasie as diaken:** Vorster Fourie word ter approbasie voorgehou as diaken. Indien geen besware ingedien word nie en hy die roeping aanvaar sal bevestiging Sondag 19 Junie 2022 plaasvind.

LIEF EN LEED

Ons doen voorbidding vir:

- Francois Germishuizen wat Saterdag in Pretoria-Oos hospitaal opgeneem is. Hy ondervind nog probleme met lang covid en moet 'n gastroskopie ondergaan.

- Christa Coetzer wat in Wilgers hospitaal se onkologie afdeling opgeneem is.
- Rita Schoen wie se man Jaap oorlede is. Jaap was ook die pa van Jaco Schoen.
- Wickus en Naomi Olivier. Naomi se ma is Sondagoggend oorlede. Sy was ook Gert Olivier se ouma.
- Frikkie Venter. Sy vrou, Hettie is Woensdagoggend oorlede.
- Almal wie se gesondheid nie na wense is nie.

Baie geluk aan:
- Tiaan en Izelle Prinsloo wat vir Lumae laat doop.
- Francoise Viljoen wat die Regardt Francois laat doop.
- Joe en Tinka Fischer met die geboorte van hul seuntjie. Liz Erasmus en Faan Prinsloo is die trotse grootouers.
- Herman Erasmus en Jahna Barnard wat Saterdag in die huwelik tree. Herman is die seun van Dalene Erasmus.

SUNRISE NPO - NASKOOLSENTRUM

SANGERS / MUSIKANTE BENODIG

Die musiekspan van die kontemporêre diens benodig die volgende:
- Sangers
- Drommer
- Baskitaalspeler
- Kitaarspeler

Meld asseblief aan sodat daar elke Sondag 'n volle span kan wees om die gemeente te begelei.

Jy hoef nie elke Sondag beskikbaar te wees nie. Persone roteer, maar ons het nie tans genoeg mense nie.

Belangstellendes kontak asseblief vir Engelette (musiekleier) by 082 901 0166 of ontmoet haar Sondae na die 08:30 erediens by orrel.

JEUGBEDIENING

VREUGDEFEES VERLEDE NAWEEK

Dit was 'n wonderlike feesnaweek vol opwinding maar veral vol vreugde. Hoe kan ons dan anders as om 'dankie' te sê. Eerstens dankie aan ons Hemelse Vader wat Wapadrant vir soveel jare geseën en vasgehou het, maar ook dankie aan Alwyn Röhrs en die reëlingskomitee, die personeel in die kerkkantoor en almal wat so hard gewerk het om die fees moontlik te maak. Dankie ook aan elke lidmaat en besoeker wat die fees meegemaak en so 'n bydrae gelewer het aan verskeie liefdadigheidsorganisasies en uitreikaksies.

'n Spesiale woord van dank aan Ilda van der Merwe wat agter die skerms Alwyn se regterhand was en dus betrokke was by baie van die koördinering en reëlings en die implementering van alles wat vooraf reg gekry en gedoen moes word, aan Bertus Schoeman vir die terrein uitleg, Vorster Fourie vir drukwerk, Peet Vermeulen wat geopen het en mentor was vir Seni, Dirk du Plessis wat aankondiger was en Alwyn wat die veiling hanteer en stalletjies gewerf het.

Dankie ook aan Magda Prinsloo wat die beoordeellaars vergesel het na die stalletjies, asook die Tollenaar (alias Gerrie van Wyk) wat hom uitstekend van sy taak gekwyt het.

Dankie aan die spesifieke ouderlinge, diakens en ander lidmate wat kom help het met die hoenderbraai vroeg Sondagoggend. Aan Riana en Rianette 'n spesiale woord van dank vir die heerlike kolwyntjies wat ons Sondag kon geniet.

Dankie ook vir elke borg, skenking, lidmaat en besoeker wat die fees meegemaak en so 'n bydrae gelewer het aan verskeie liefdadigheidsorganisasies en uitreikaksies.

Foto's van die fees is op gemeente se Facebook geplaas – gaan loer gerus.
https://www.facebook.com/media/set/?vanity=gkwapadrant&set=a.5207952469240160
https://www.facebook.com/media/set/?vanity=gkwapadrant&set=a.5220357857999621

Lees meer oor die fees in die Junie-uitgawe van die Maand-Krant.
http://www.wapadrant.co.za/neem-kennis.html

DAMESOGGEND 20 AUGUSTUS 2022

Gesamentlike Uitreikaksie van Pretoria-Gemeentes ten bate van President Kruger Kinderhuise

(organiseerders Geref Kerk Kameeldrift)

Uitnodiging na die 20ste Damesoggend

SATERDAG 20 AUGUSTUS 2022

Venue St Mary's DSG Skoolsaal Duxburyweg, Brooklyn	**Tyd** 8h30 vir 9h00	**Toegang** R200.00
Gaskunstenaars Danie Niehaus & Germandt Geldenhuys In hul program "Versnit"	**Programmeester** Wilbrie Fourie	**Gasspreker** Dr Gustav Gous Teoloog & Lewensafrigter Tema Ek, diamantmens / vrou

Tafeldektema Kleurpalet met glans	In samewerking met al die Geref Kerke in en om Pretoria	**Besprekings** By jou gasvrou of Wapadrant Kerkkantoor

- ***Wil jy graag 'n gasvrou wees? Gee jou naam @ 1 Junie deur na Helena by kantoor@gkwapadrant.co.za / 012 991 1395***
- ***Volledige verantwoordelikhede van die gasvroue beskikbaar by Wapadrant Kerkkantoor.***
- ***Wil jy net 'n gas wees aan 'n gasvrou se tafel? Gee jou naam deur na Helena by kantoor@gkwapadrant.co.za / 012 991 1395***